**Tema:** Ons is lewende stene van die Here se geestelike huis.
**Skriflesing:** 1 Petrus 2:1-10

Aan die begin van ‘n nuwe jaar is dit nodig dat ons weer ‘n slag sal vra wie en wat ons as kerk is? Ons gaan in die volgende 6 Sondae hierby stilstaan.

In ons kerkjaar is ons nou in Epifanie. Die woord beteken: “God se verskyning”. Ons het sopas God se verskyning deur Jesus Christus gevier. Maar God verskyn steeds elke dag deur elkeen van ons as sy kerk.

Die Griekse woord vir kerk is “Kuriake”.   “Kurios” is die Here. Die woord kerk beteken letterlik: “Wat aan die Here behoort” of “die Here s’n”.

**1. Ons is deur God gekies. In 1 Petrus 2:9 staan daar dat ons Sy: “uitverkore volk” is.**
In Johannes 15:16 lees ons: “Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou.”
Ons het ons ontstaan, bestaan en voortbestaan aan Hom te danke.

God het elkeen van ons uitgekies as sy eiendom. Ons is deel van sy wenspan. Dit is wie ons, in Christus, is.

**2. Ons is ook lewende stene gebou op die hoeksteen Jesus Christus.**
In 1 Pet 2:4-5a lees ons: “Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is. [5]Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,”

**Ons Hoeksteen is Jesus Christus.**
Vir antieke bouers was die hoeksteen die eerste en belangrikste steen van die gebou. Jesus is steeds die eerste en belangrikste steen waarop ons as kerk gebou is. Alles is gebou op Hom. Alles gaan oor Hom en vir Hom.

Paulus skryf in Kolossense 3:11: “Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal.”

My en jou geestelike bouwerk begin by Hom. Maar ons het ’n keuse of ons wil voortgaan met hierdie bouwerk. In 1 Petrus 2:5 lees ons: “**Laat”** jou as lewende steen in geloof inmessel op Hom as hoeksteen. Geloof bepaal ons kerkwees. Kies of jy jou, deur die Here, wil laat inmessel.

Nou weet ons ook dat een steen nie ’n huis maak nie. Ons kan nie op ons eie Christen wees nie. Dan is ons net so min werd as ‘n enkele steen. Ons moet ons laat inbou as lewende stene tot sy geestelike huis. Daarom aanbid en dien ons saam met ander en is ons onder andere betrokke by eredienste en kleingroepe.

Die Here het ons gekies.
Ons inbou op Hom, begin wanneer ons uit dankbaarheid vir Hom kies. Laat inbou begin by ’n geloofskeuse, maar dit beteken ook dat ons sal **besig wees met die Bybel.** Ons lees daarvan in 1 Petrus 2:2: “Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan opgroei en die saligheid verkry.”

‘n Baba groei nie as hy of sy nie melk kry nie. So sal ek en jy as wedergebore babas, geestelike kinders en volwassenes nie aanhou groei as ons nie die Bybel kry nie.

Daarom moet ons smag na die Bybel. Ons moet naarstigtelik meer daarvan wil hê. Dit is goed wanneer ons luister na preke, dagstukkies lees of na boodskappe luister, maar ons moet eerstens Bybel lees, leer en leef.

Dan maak die Here ons as sy kerk heilig, profete, priesters en konings. (1 Petrus 2:9)

**Heilig** beteken: “wat aan God behoort” en daarom vreemd aan sonde is. Ons is afgesonder vir God. Ons is in die wêreld, maar anders as die sondige wêreld.

As **Profete** getuig ons.
Ons verkondig die wonder, oorwinning en verlossingsdade van Hom wat ons uit duisternis geroep het na sy wonderbare lig, Ons doen dit waar dit maklik en aanvaarbaar is, maar ook tydig en ontydig vertel ons sy Goeie Nuus oor.

As **Konings** heers ons oor sonde. Ons staan op vir wat reg is. Ons maak ‘n verskil tot eer van die Here.

‘n **Priester** bring offers.
In 1 Petrus 2:5 lees ons dat ons ons moet laat opbou om ’n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.
Ons lees van die eerste offer wat vir God welgevallig is, in Romeine 12:1: “En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.”

Ons lees ook in Hebreërs 13:15-16 van die offers wat ons moet bring:
“Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely.”
As kerk gaan dit nie oor onsself nie, maar oor God en ander. Ons is hier om te dien. In Hebreërs 13:16 lees ons: “Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want dít is die offers wat vir God aanneemlik is.”

Ons leef met oop harte en hande. Ons bid en sorg. Dit is wat ons as kerk, in die voetspore van Christus doen.

**Afsluiting**

Ons gooi maklik beskuldigings rond. Beskuldigings soos: “Die kerk is dood, het stil geword, is swak of maak nie ‘n verskil nie.”
In die proses van vinger wys na die kerk, wys die ander vingers terug na onsself. Ons is die kerk.

God het ons gekies om sy kerk te wees.
Ons is lewende stene wat ons in geloof laat bou op Jesus Christus.
Ons smag na die Bybel.
Hy maak ons heilig.
Ons is profete wat getuig, konings wat heers en priesters wat dien.
Dit is wie en wat elkeen van ons as sy kerk is.
Amen